NORTH-WEST UNIVERSITY®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

*Dit begin alles hier®*

# PROFIEL

## 2017/2018



OP DIE REGTE SPOOR OM 'N BETER TOEKOMS TE BOU

# DIE GROTER PRENTJIE

## Suid-Afrikaanse HOËRONDERWYS-LANDSKAP

**26**

Openbare hoëronderwys-instellings in SA

**6**

Omvattende universiteite

**14**

Konvensionele universiteite

**6**

Universiteite van tegnologie

Noordwes-Universiteit (NWU)
Een van die konvensionele universiteite in SA

Universiteite Suid-Afrika
Beheerliggaam vir SA se hoëronderwysinstansies

# INHOUD

1 Die groter prentjie
2 Die gees van die Noordwes-Universiteit
3 Ons universiteit
6 Ons personeel
8 Ons bestuurstruktuur
9 Ons akademiese aanbiedinge
16 Ons studente
23 Ons navorsing
27 Ons innovasie
28 Ons gemeenskapsimpak
30 Ons finansies
31 Yunibesiti ya rona

*(Let asseblief daarop dat alle 2017-syfers voorlopig was aangesien finale ouditering steeds in proses was.)*

# DIE GEES VAN
# DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT

Die gees van die universiteit word weerspieël in die manier waarop ons die toekoms vir mense ontsluit en hulle in staat stel om hul drome waar te maak.

Hierdie gees loop dwarsdeur al ons aktiwiteite en werksaamhede, van ons akademiese programme en navorsing tot ons studentekorps, gemeenskapsimpak en sportprestasies. Die "sleutels" wat ons gebruik om die toekoms vir sy belanghebbers te ontsluit, sluit die volgende in:

- Ons uitsonderlike programme (p10)
- Ons afstandsleervermoë (p11)
- Ons entrepreneuriese leer (p11)
- Ons topnavorsingsentiteite (p23)
- Ons fokus op internasionalisering (p25)
- Ons uitnemendheid op sportgebied (p20)

## Ons logo

Die kettingskakels simboliseer die eenheid van ons universiteit.

NWU®

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

## Ons slagspreuk

It all starts here

Dit begin alles hier

Gotlhe go simologa fano

# ONS UNIVERSITEIT

## ’n Verenigde instelling

Die NWU is daartoe verbind om te funksioneer as ’n unitêre, geïntegreerde multikampusuniversiteit wat billikheid, herstel en globaal mededingende onderrig en navorsing oor alle kampusse heen moontlik sal maak.

## Ons strategieverklaring

Om die NWU as ’n unitêre instansie van hoogstaande akademiese uitnemendheid, met ’n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid, te transformeer en te posisioneer.

## Ons droom

Om ’n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees wat bekend is vir sy betrokke wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en ’n sorgsaamheidsetiek.

## Ons doelwit

Om uit te munt in innoverende leer en onderrig asook baanbrekersnavorsing, om sodoende die gemeenskap deur kennis te dien.



# ONS KAMPUSSE

Ons kernaktiwiteite, onderrig-leer en navorsing, is verweef met gemeenskapsimpak en innovasie op ons drie kampusse wat afstand- en kontakstudente bedien.




## Waardes

Die NWU sal betrokke en sorgsame personeel en studente kweek en die volgende fundamentele waardes vaslê, wat op die grondwetlike beginsels van menswaardigheid, gelykheid en vryheid gebaseer is:

- Etiek in al ons strewes
- Akademiese integriteit
- Akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike ondersoek
- Verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, billikheid en deursigtigheid
- Entoesiastiese aanvaarding van diversiteit

# Elke kampus het sy eie unieke kenmerke



## Mahikeng

Die NWU se kampus in Mahikeng, die hoofstad van die Noordwesprovinsie, het 'n internasionale atmosfeer, met 425 studente uit 29 verskillende lande ingeskryf vir 2017.

Dit is die tweede-grootste van die NWU se drie kampusse, met 12 489 ingeskrewe studente in 2017. Die kampus se plattelandse ligging is ideaal vir 'n fokus op landelike ontwikkeling wat akademiese programme betref.

## Potchefstroom

Die kampus in Potchefstroom is die grootste en oudste NWU-kampus, met 49 777 studente ingeskryf vir 2017.

Alle voltydse voorgraadse klasse is in Afrikaans sowel as Engels beskikbaar, waar daar so 'n behoefte bestaan, hetsy deur middel van parallelmediumklasse of opvoedkundige tolking.

Die kampus is verantwoordelik vir die meeste van die NWU se navorsingsuitsette en Nasionale Navorsingstigting-gegradeerde navorsers.



## Vanderbijlpark

Die kampus in Vanderbijlpark, geleë op die oewer van die Vaalrivier binne 'n geproklameerde natuurreservaat, het 'n diverse studenteprofiel in 'n unieke omgewing. 'n Verskeidenheid wildspesies loop los rond op die kampusgronde.


Die kampus, wat 7 838 geregistreerde studente in 2017 gehad het, fokus daarop om by te dra tot die vaardighede en kennis van die Gautengstreek, en tree op as katalisator vir ekonomiese groei.



(2017-syfers nie finaal nie)

# ONS PERSONEEL


## Geslagsamestelling van NWU-personeel (2017*)




**Totaal: 6 214**

*(2017-syfers nie finaal nie)

## Rassesamestelling van NWU-personeel (2017*)




**Totaal: 6 214**

*(2017-syfers nie finaal nie)

# Ons personeel skitter

Ons akademici blink uit in hul onderskeie vakgebiede, wen toekennings en deel hul kundigheid in Suid-Afrika en in die buiteland. Hierdie is slegs enkele van die vele toekennings wat hulle ontvang het:

- Nasionale Navorsingstigting-toekennings
- Nasionale en internasionale toekennings vir uitnemendheid in navorsing
- Betrokkenheid by prestigeryke internasionale navorsingspanne
- Lidmaatskap van nasionale en internasionale adviesliggame
- Redakteurskappe van nasionale en internasionale vaktydskrifte
- Topplasings in nasionale en internasionale kompetisies en uitdagings
- Toekennings vir beste referaat/plakkaat/artikel by internasionale kongresse
- Verteenwoordig SA/SAOG-lande/Afrika by internasionale konferensies/liggame
- Navorsingstoekennings en genootskappe van internasionale liggame/instansies
- Dien as presidente/voorsitters en uitvoerende/erelede van nasionale en internasionale liggame
- Lede van die Academy of Science of South Africa (ASSAf)
- Medaljes en ander toekennings van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

# ONS BESTUURSTRUKTUUR

Adjunk-visekanselier: Onderrig en Leer

Adjunk-visekanselier: Navorsing en Innovasie

Die adjunk-visekanseliers op die kampusse is verantwoordelik vir kampusbedrywighede en ander toegewysde funksies.

- Adjunk-visekanselier Mahikeng
- Adjunk-visekanselier Potchefstroom
- Adjunk-visekanselier Vanderbijlpark



**Visekanselier en Hoof**
Prof Dan Kgwadi

Hoof- uitvoerende en rekenplig-tige beampte, wat aan die NWU-Raad verantwoording doen vir die instansie se algehele prestasie.

Behalwe die registrateur is daar vier uitvoerende direkteure.

- Registrateur
- Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite
- Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur
- Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking
- Uitvoerende Direkteur: Studentelewe

'n Uitvoerende dekaan staan aan die hoof van elke fakulteit wat regoor die NWU gevestig is.

- Uitvoerende Dekaan: Fakulteit Opvoedkunde
- Uitvoerende Dekaan: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Uitvoerende Dekaan: Fakulteit Gesondheidswetenskappe
- Uitvoerende Dekaan: Fakulteit Geesteswetenskappe
- Uitvoerende Dekaan: Fakulteit Ingenieurswese
- Uitvoerende Dekaan: Fakulteit Regte
- Uitvoerende Dekaan: Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
- Uitvoerende Dekaan: Fakulteit Teologie

# ONS AKADEMIESE PROGRAMME

Die NWU bied meer as 'n opvoeding: ons bied aan mense 'n plek in die wêreld.

Ons verskeidenheid akademiese programme bied aan studente 'n groot keuse en buigsaamheid, en stel hulle in staat om hul volle potensiaal te verwesenlik en om hul loopbane te begin ontwikkel.

## Onderrig-leer-telkaart

### Studente ingeskryf

**2004** 40 145 ▶ **2016** 63 395

**= 57,92% totale groei**

### Kwalifikasies toegeken

**2004** 9 657 ▶ **2016** 17 510

**= 81,32% totale groei**

### PhD's toegeken

**2004** 87 ▶ **2016** 238

**= 174% totale groei**

### Voorgraadse slaagsyfer

**2004** 75,2% ▶ **2016** 86,16%

## Slaagsyfers en kwalifikasies toegeken van 2012 tot 2016

| | 2012 | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 |
|---|---|---|---|---|---|
| Voorgraadse slaagsyfer | 88,2% | 85,1% | 86,1% | 85,1% | 86,16% |
| Graadverwerwingskoers | 25% | 25% | 24,1% | 24,3% | 27,62% |
| Grade en diplomas toegeken | 14 669 | 15 464 | 15 254 | 15 597 | 17 510 |
| Meestersgrade toegeken | 670 | 781 | 746 | 742 | 744 |
| PhD's toegeken | 154 | 168 | 171 | 222 | 238 |

# Uitsonderlike programme

Die NWU se program- en kwalifikasiemengsel het unieke aanbiedinge in die kontak- en/of afstandsmodus wat nie sommer by baie ander Suid-Afrikaanse universiteite te vinde is nie. Hier is 'n paar voorbeelde.

### Ingenieurswese
- PGDip (nagraadse diploma) in Energiebeleid en een in Kernwetenskap en -tegnologie
- BIng in vyf verskillende spesialisrigtings

### Regte
- DPhD in Regte
- Twee LLM-strome (navorsing of gedoseerd) met 19 verskillende programspesialisrigtings, byvoorbeeld LLM in Vergelykende Kinderreg
- MPhil in Omgewingsbestuursreg en 'n professionele LLM in Straf- en Prosesreg

### Teologie
- MTh in Christelike Bediening (navorsing) met agt verskillende programfokusse
- BA in Pastorale Sielkunde, en BA en BAHons in Antieke Tale

### Opvoedingswetenskappe
- Diploma in Graad R-onderwys en 'n Gevorderde Diploma in Spesialebehoefte-onderwys
- BEdHons in Rekenaartoepassingstegnologie

### Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- PhD's in Internasionale Handel; Belasting, en Forensiese Praktyk
- MCom-grade in Internasionale Handel; Bankwese en Finansiële Risikobestuur, en Toegepaste Risikobestuur
- BComHons in Internasionale Handel
- PGDip in Landbou-ekonomie
- BCom in Ekonomiese Wetenskappe met vier verskillende programspesialisrigtings
- BCom-grade in Forensiese Rekeningkunde; Geoktrooieerde Rekeningkunde; Bestuursrekeningkunde; Finansiële Rekeningkunde; Vervoerekonomie en Logistiek
- Kortleerprogram in Wildlewebestuur (lok nasionale en internasionale deelnemers)
- BAHons, BComHons, MA en MCom in Toerismebestuur

### Geesteswetenskappe
- MA in Mediese Sosiologie; M in Inheemse Kennisstelsels; MSocSc (Meestersgraad in Sosiale Wetenskappe) in Bevolkingstudies en Volhoubare Ontwikkeling
- MA Musiek in Musikologie; Musiekkomposisie, en Musiekuitvoering
- PGDip in Bevolking en Beleidsontleding, en in Openbare Administrasie
- BAHons in Vergelykende Afrikatale en Literatuur; Taaltegnologie, en Afrikaanse Kreatiewe Skryfkuns
- Professionele BAHons in Bedryf- en Organisasiesielkunde

### Landbouwetenskappe
- PhD in Dieregesondheid
- MSc in Landbou-uitbreiding en in Landbou-ekonomie
- BSc in Landbou met vier programspesialisrigtings insluitende Gewaswetenskappe en Dieregesondheid, geregistreer by die Suid-Afrikaanse Veeartsenykundige Raad
- Diploma in Dierewetenskappe en nog een in Plantwetenskappe

### Gesondheid
- PhD in Gesondheidswetenskappe met 12 verskillende programspesialisrigtings
- MHSc (Meestersgraad in Gesondheidswetenskappe) in Transdissiplinêre Gesondheidsbevordering en nog een in Gerontologie
- MSW in Forensiese Praktyk
- MSc in Farmaseutiese Wetenskappe, in Farmakologie en in Farmasiepraktyk
- MA in Positiewe Sielkunde
- PGDip in Kosmetieseprodukformulering, en in Farmakologiese Beginsels van Geneesmiddelterapie
- BHSc in Beroepshigiëne

### Natuurwetenskappe
- MSc in Astrofisika en Ruimtewetenskap, in Omgewingswetenskappe met vyf program-spesialisrigtings, in Aktuariële Wetenskappe geregistreer by CERA (Certified Enterprise Risk Actuary), en in Bedryfswiskunde en Informatika met drie verskillende programspesialisrigtings
- Twee nuwe Nasionale Astrofisika- en Ruimte-wetenskapprogram-nodusse by die Sentrum vir Ruimtenavorsing. Hierdie program het in 2016 sy eerste inname van nagraadse studente gehad.
- BScHons in Omgewingswetenskappe met spesialisering in Afvalbestuur
- BSc en BscHons in Aktuariële Wetenskap en in Besigheidsanalise

**NWU Skool vir Besigheid en Bestuur:** Die skool bied deeltydse kwalifikasies en akademiese programme aan – Saterdagoggende in Afrikaans in Potchefstroom, Maandagaande in Engels in Vanderbijlpark, en oor geselekteerde naweke in Engels in Mahikeng. Die MBA-kwalifikasie is deur die Vereniging van MBA's (AMBA) geakkrediteer.

# Entrepreneuriese leer

- Vanaf 2018: Akademiese programme in entrepreneuskap word ingesluit in die BCom in Bestuurswetenskappe met Sakebestuur, BCom in Bestuurswetenskappe met Veiligheidsbestuur, en in die MBA.
- Vanaf 2018: ’n Module in probleem-oplossing vir bestuurders maak deel uit van die BCom in Bestuurswetenskappe met Sakebestuur, BSc IT en BSc Verbruikerswetenskappe.
- Die “Fundamental Engineering Application Programme” (FEAP) fokus op werklike-wêrelduitdagings vir regte kliënte in die gemeenskap. Meer as 60 verskillende projekte word jaarliks aangepak om gemeenskappe te bevoordeel.
- Die bHive Ondernemingsontwikkeling-sentrum (OOS) het ’n kort leerprogram vir vroulike entrepreneurs, naamlik die Ondernemende Vroue-program. Hulle koördineer ook studentgesentreerde entrepreneuriese leergeleenthede soos die Young Entrepreneur Business Organisation (YEBO), CoachLab@Vaal (’n nagraadse leierskaps- en vaardigheids-ontwikkelingsprogram), die Greenleadership-program (entrepreneuriese opleiding met ’n fokus op “groen besigheid”), en Enactus.

# Oop leerprogramme

Meer as 27 000 studente is ingeskryf by die NWU se Eenheid vir Oop Afstandsleer (EOAL). Tans is meer as 25 000 van hierdie studente onderwysstudente, maar daar is ook studente in verpleegkunde, teologie en polisiëring.

Die EOAL het 66 leerondersteuningsentrums regoor Suid-Afrika en Namibië waar verskeie NWU-programme deur oop afstandsleer gefasiliteer word. Daar is 97 aktiewe eksamensentrums regoor Suid-Afrika.



# Unieke taalbeleid

Ingevolge ons beleid van funksionele meertaligheid bied die NWU opvoedkundige tolkdienste aan studente. Die hoofgebruiker is die NWU se kampus in Potchefstroom. Tolking word gebruik vir alle voorgraadse modules (en sommige nagraadse modules) wat nie in Engels of Afrikaans aangebied word nie, maar waar toegang tot onderrig in Engels of Afrikaans vereis word. Sommige modules word ook na Setswana toe getolk.

Opvoedkundige tolking fasiliteer toegang in Engels sowel as Afrikaans vir studente in alle studierigtings. Dit maak dit ook moontlik vir dosente om in Engels óf Afrikaans te onderrig.

Parallelmediumklasse word reeds vir ’n geruime tyd lank in sekere modules aangebied. Dit is in die begin van 2016 uitgebrei na groot eerstejaarmodules op die Potchefstroomkampus, en sal stelselmatig na verdere studiejare toe uitgerol word waar prakties moontlik.

Tolking van Engels na Setswana is beskikbaar op versoek in sekere modules op die kampus in Mahikeng. Op die kampus in Vanderbijlpark word eerstejaarklasse in parallelmedium aangebied en vanaf die tweede studiejaar is onderrig slegs in Engels. Tolking van Engels na Afrikaans is op versoek beskikbaar vanaf die tweede studiejaar.

# Bevordering van akademiese sukses

Die NWU bied verskeie programme aan om studente akademies te ondersteun:

- Akademiese geletterdheidsmodules: Alle eerstejaarstudente doen akademiese geletterdheids- en vaardigheidstoetse om te bepaal of hulle sal baat by die bykomende akademiese geletterdheidsmodules wat aangebied word.
- Ander akademiese ondersteuning sluit in ewekniementorskap, tutoriale, leeslaboratoriums en skryfsentrums.
- Aanvullende Onderrig (AO) is ’n internasionaal erkende akademiese ondersteuningstelsel vir studente.
- Die Universiteit-voorbereidingsprogram (UnivPrep) is ’n oorbruggingsprogram vir studente wat andersins nie vir universiteitstoelating sou kwalifiseer nie.
- Opknappingsprogramme in wiskunde word aangebied aan eerstejaarstudente wat geregistreer is vir programme wat modules in wiskunde insluit.
- Verskeie uitgebreide programme maak dit vir studente moontlik om hul studies oor ’n langer tydperk te voltooi.



# Kritieke vaardighede vir die land

Deur middel van multimodale onderwys bied die NWU ’n reeks kwalifikasies en programme aan wat op die ontwikkeling van skaars en strategiese vaardighede fokus:

## Onderwysers

In 2016 het die NWU 1 562 onderwysers gelewer – 1 126 van hulle was BEd-graduandi en 436 was NGOS-studente. Hierdie graduandi was óf kontak- óf afstandstudente.

Ons lei ook tegniese onderwysers op, na wie daar ’n groot aanvraag is weens die tegniese kurrikulum wat by hoërskole en tegniese skole geïmplementeer is. Verder streef ons daarna om ’n volhoubare aantal graduandi in die kritieke vakgebiede van Wiskunde- en Natuurwetenskaponderwys te lewer. Die Diploma in Graad R-onderwys (kontak- en afstandsonderrig) word aangebied om die nasionale onderwysgaping in hierdie belangrike fase van onderwys te vul.

## Rekenmeesters

Om werk te maak van die groot tekort aan rekenmeesters in Suid-Afrika bied ons vier professionele rekeningkundegrade op honneursvlak aan: BCom in Forensiese Rekeningkunde, in Geoktrooieerde Rekeningkunde, in Bestuursrekeningkunde en in Finansiële Rekeningkunde. Die NWU is die enigste universiteit in Suid-Afrika wat al vier spesialiserings op voorgraadse vlak én op honneursvlak aanbied.

Ons bied meestersgrade in spesialiserings soos Belasting, Mensehulpbronbestuur, Toerismebestuur, Statistiek, Informatika, Risikobestuur en Internasionale Handel aan.

Ons bied ook ’n PhD in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan met programme in kritieke navorsingsareas soos onder meer Forensiese Rekeningkunde, Internasionale Handel, Risikobestuur, Rekeningkunde, Belasting en Arbeidsverhoudingebestuur.

## Wiskundiges en natuurwetenskaplikes

Ons bied ’n aantal voor- en nagraadse kwalifikasies met verskeie programspesialiserings in die kritieke vakgebiede van wiskunde en natuurwetenskappe aan.

Dit sluit in Bedryfswiskunde en Informatika-programme in Besigheidsanalise, Kwantitatiewe Risikobestuur en Finansiële Wiskunde.

Die deeltydse MCom in Toegepaste Risikobestuur, onderskryf deur die Instituut vir Risikobestuur Suid-Afrika, maak dit vir mense wat voltyds werk moontlik om hul risikobestuursvaardighede uit te brei.

## Ingenieurs

Om te help werk maak van die tekort aan ingenieurs in Suid-Afrika bied ons kwalifikasies in die volgende spesialiserings aan: Chemiese Ingenieurswese, Chemiese Ingenieurswese met programme in Mineraalverwerking, Rekenaar- en Elektroniese Ingenieurswese, Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, Elektromeganiese Ingenieurswese, Meganiese Ingenieurswese en Bedryfsingenieurswese (alle programme is geakkrediteer by die Ingenieursraad van Suid-Afrika).

## Verpleegkundiges

Om die tekort aan verpleegpersoneel in Suid-Afrika te ondervang, bied ons verskeie voorgraadse en nagraadse kwalifikasies in verpleegkunde aan.

## Dieregesondheidstegnici

Ons lei dieregesondheidstegnici op, wat ’n baie belangrike rol vervul in die lig van die kritieke tekort aan professioneel opgeleide veeartse in Suid-Afrika.

## Vervoerekonomie en logistieke bestuur

Ons lei ook graduandi in hierdie gesogte vaardighede op.

# Ons sentrums

- Die Sentrum vir Farmaseutiese en Biomediese Dienste bestuur alle kommersiële farmaseutiese en biomediese dienste.
- Die DWT HySA Infrastructure-bevoegdheidsentrum fokus op waterstofproduksie, -opberging, -retikulering en veiligheidskodes en standaarde.
- Die Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT®) doen navorsing oor mensetaaltegnologie en ontwikkel taaltegnologieprodukte soos speltoetsers en masjienvertalingshulpbronne vir Suid-Afrikaanse tale.
- Die Sentrum van Uitnemendheid in Gevorderde Vervaardiging is ’n baanbreker in ekstrusie, wat gebruik word vir die vervaardiging van produkte in die voedsel-, voer-, plastiek-, poeierverf- en samestellingsbedryf.
- Navorsers van die DWT/NWU Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform en die Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe het ’n unieke geneesmiddel-afleweringstegnologie, bekend as Pheroid®, ontwikkel om siektes soos malaria meer doeltreffend te behandel.
- Die Wêreldgesondheidsorganisasie se Samewerkingsentrum vir die Kwaliteitsversekering van Medisynes (CENQAM®) is betrokke by kwaliteitsversekering en -beheer van medisynes vir regulatoriese en nie-regulatoriese organisasies in Suid-Afrika en die buiteland.
- Die Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie (STSWT) bied honneurs- en meestersgrade aan en bou só kapasiteit vir die kernindustrie in Suid-Afrika.
- Die Sentrum vir Gemeenskapsreg, die Dieregesondheidsentrum en die Ipelegeng-gesinsentrum bied gratis dienste aan mense wat nie hierdie dienste kan bekostig nie.
- Die Sentrum vir Waterwetenskappe en -bestuur verleen bystand aan die industrie en die regering met waterverwante probleme wat Suid-Afrika in die gesig staar.
- Die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika fokus op industriegerigte navorsing in kwantitatiewe risikobestuur, besigheidsanalise en datawetenskap met toepassing in die finansiële sektor.
- Die Serious Games Institute South Africa (SGI-SA) gebruik spesiale simulasiespeletjies om mense op te lei in vakgebiede soos sosio-ekonomie, streeksbeplanning en risikoversekering. Hulle fokus ook op mobiele tegnologie en die ontwikkeling van toepassings vir slimtoestelle (App Factory).
- Die Sentrum vir Voortgesette Professionele Ontwikkeling (SVPO) bied kortkursusse en werkswinkels in verskeie gebiede aan, soos projekbestuur, arbeidsverhoudinge, en bestuurs- en rekenaarvaardighede.
- Die bHive Ondernemingsontwikkelingsentrum bemagtig studente en gemeenskapslede om entrepreneurs te word en om geleenthede in die mark te benut. Dit huisves ook entrepreneuriese studentegroepe soos Coachlab at Vaal, die Young Entrepreneur Business Organisation (YEBO) en Enactus.
- Die Sentrum vir Toegepaste Risikobestuur (ETRB) maak werk van die behoefte aan nagraadse risikobestuursopvoeding en toegepaste risikonavorsing.
- Die Sentrum vir Vertaling en Professionele Taaldienste (CTrans) lewer dienste aan plaaslike en internasionale kliënte in al 11 Suid-Afrikaanse tale, sowel as in enkele Europese tale.

# Ons bydrae tot die bekamping van MIV/Vigs

Die MIV/Vigs-pandemie het ’n groot impak op Suid-Afrika, en die bekamping van MIV/Vigs is ’n prioriteit vir die universiteit.

MIV/Vigs-dienste is beskikbaar op alle kampusse en die Studenteberading en -ontwikkelingsdienste en die gesondheidsklinieke op die onderskeie kampusse verskaf vrywillige berading en toetsing aan personeel en studente.

Studente kan betrokke raak deur as vrywillige aktiviste op te tree op hul onderskeie kampusse. Die NWU se MIV-kantoor fokus op bewusmaking oor:

- stigmatisering en diskriminasie
- geslagsgebaseerde geweld
- voorkoming van MIV
- TB-bewustheid
- menseregte
- die vorming van gesonde verhoudings
- kommunikasie in ’n verhouding
- MIV-berading en -toetsing




# ONS STUDENTE

Die NWU is 'n plek waar studente nie net akademiese uitnemendheid bereik nie, maar ook vrye teuels gee aan hul verbeeldings, hul drome visualiseer en aan hul toekomstige sukses begin bou. Die kampuslewe is gemik op holistiese groei en ontwikkeling, soos duidelik blyk uit die wye verskeidenheid kulturele, sport-, voorligtings- en welstands-aktiwiteite waaraan studente aangemoedig word om deel te neem.

## Studenteprofiel

Diversiteit is die onderskeidende eienskap van die NWU se studenteprofiel. Dit gee aan ons studente 'n mededingende voordeel, want hulle put krag uit hul diversiteit en verbeter hul vermoë om te kommunikeer en interaksie te hê.

In 2017* het die NWU se studenteprofiel so gelyk:





* (2017-syfers is nie finaal nie)

| | 2012 | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 | 2017* |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Totale studente-inskrywings | 58 752 | 60 975 | 63 135 | 64 070 | 63 395 | 70 104 |
| • Kontak | 34 389 | 36 195 | 37 193 | 37 943 | 39 552 | 41 128 |
| • Afstand | 24 363 | 24 780 | 25 942 | 26 127 | 23 842 | 28 976 |

* (2017-syfers is nie finaal nie)


## Rassesamestelling van studente
### (kontak en afstand) in 2017*




**Totaal: 70 104**

* (2017-syfers is nie finaal nie)

## Geslagsamestelling van studente
### (kontak en afstand) in 2017*




**Totaal: 70 104**

* (2017-syfers is nie finaal nie)

# Voorgraads en nagraads


Alhoewel die meeste studente voorgraadse studente is, het die NWU ook 'n aansienlike aantal nagraadse studente in 2017* gehad:




* (2017-syfers nie finaal nie)

# Studie-opsies

Hier is sommige van die studiekeuses van studente in 2017:



# Studenteondersteuning

Ons bied die volgende ter ondersteuning en ontwikkeling van ons studente:

- finansiële steun (beurse)
- berading, sielkundige en ontwikkelingsdienste
- eweknieheIpers en mentors
- gesondheidsorgsentrums
- gestremdheidseenhede
- maatskaplike werkers
- projekte wat gereelde, gebalanseerde maaltye aan behoeftige studente voorsien
- ’n Loopbaansentrum wat studente in staat stel om met potensiële werkgewers te netwerk en hul CV-skryf- en onderhoud-vaardighede te verbeter

# Studentefasiliteite en infrastruktuur

Die volgende studentefasiliteite en infrastruktuur bied die beste moontlike leer- en ekstrakurrikulêre ontwikkelingsgeleenthede:

Moderne lesinglokale, biblioteke met navorsingsmeente, rekenaarlaboratoriums, navorsingslaboratoriums toegerus met voorpunttoerusting, studentesentrums met kafeterias en kantore vir studenteleiers, studentekoshuise en sportfasiliteite wat sportgronde en goed toegeruste gimnasiums insluit.

Ons voortgaande konstruksie-, instandhoudings- en opgraderingsprogram verseker dat daar aan huidige en toekomstige infrastruktuurbehoeftes voldoen word. Die totale uitgawe aan infrastruktuur en fasiliteite regoor die NWU het R84,59 miljoen beloop in 2016. Die hoogtepunt was die voltooiing van die nuwe gebou vir Farmasie en Biologiese Wetenskappe op die kampus in Potchefstroom.

## Ekstrakurrikulêre ontwikkeling


Die NWU bied aan studente talle geleenthede om hul talente te ontwikkel deur aan sport, die kunste, kulturele en ander buitemuurse aktiwiteite deel te neem.

- Kultuuraktiwiteite sluit in debat, drama, dans- en kultuurverenigings, orkeste, eerstejaarkonserte, musiekblyspele, talentkompetisies, kore, sanggroepe, kunsfeeste, uitstallings en kompetisies, kampusradiostasies en studentekoerante.

# Uitnemendheid op sportgebied

Die universiteit kan, op grond van prestasies op die sportveld, daarop aanspraak maak dat dit een van die top-sportuniversiteite in Suid-Afrika is.

Die NWU spog met die volgende:



# Ons kampioene

NWU-sportspanne en individue het uitstaande prestasies opgelewer in die Universiteitsport Suid-Afrika-kampioenskappe (USSA) en die Varsitybeker.

## USSA-spele 2016

| Sportkode | Eerste, tweede of derde plek |
|---|---|
| Gimnastiek | Eerste |
| Karate | Eerste |
| Atletiek | Tweede |
| Pluimbal (Twee spanne) | Tweede<br>Derde (B- en C-afdeling) |
| Fietsry | Tweede |
| Vrouehokkie | Derde |
| Gholf | Derde |
| Netbal | Derde |
| Rugby | Derde |
| Sewesrugby | Derde |

## Varsitybeker 2016

| Sportkode | Eerste, tweede of derde plek |
|---|---|
| Atletiek | Eerste |
| Netbal | Eerste |
| Rugby | Tweede |

## USSA-spele 2017

| Sportkode | Eerste, tweede of derde plek |
|---|---|
| **A-afdeling** | |
| Aerobiese danse (hip-hop-span) | Eerste |
| Atletiek | Eerste |
| Gimnastiek | Eerste |
| Karate | Eerste* en tweede |
| Netbal | Eerste |
| Pluimbal | Tweede |
| Liggaamsbou | Tweede |
| Vroueskaak | Tweede |
| Vrouetafeltennis | Tweede |
| Boks | Derde |
| Vrouebasketbal | Derde |
| Vrouehokkie | Derde |
| Muurbal | Derde |
| **B-afdeling** | |
| Mans- en vrouevoetbal | Eerste |
| Tennis | Eerste |
| Pluimbal | Tweede |
| Rugby | Derde |

**(18de agtereenvolgende jaar)*

## Varsitybeker 2017

| Sportkode | Eerste, tweede of derde plek |
|---|---|
| Manskrieket | Eerste |
| Netbal | Eerste |
| Atletiek | Tweede |
| Vrouehokkie | Derde |

# Internasionale sportprestasies

Vier atlete van die NWU het by die 2016 Olimpiese Spele in Rio de Janeiro, Brasilië, meegeding en 'n NWU-afrigter was ook deel van die Suid-Afrikaanse span. Ons atlete het 'n goue en 'n silwermedalje huis toe gebring. Talle atlete van die NWU het ook by die onderskeie Internasionale Vereniging van Atletiekfederasies se Diamantliga-kompetisies gedurende 2016 meegeding, en sewe goue medaljes ingeoes.

Die NWU se Olimpiese Spele-gouemedaljewenner, 'n 800 m-naelloper, het SA in Augustus 2017 by die IAAF se Wêreldkampioenskappe in Londen verteenwoordig waar sy 'n goue medalje in die 800m en 'n bronsmedalje in die 1 500m gewen het.

Twee basketbalspelers het vir die USSA nasionale span gespeel wat Suid-Afrika in 2016 by die CUCSA-Spele verteenwoordig het. Nóg twee het vir Zimbabwe se nasionale onder 20-span gespeel, terwyl 'n NWU-afrigter USSA se nasionale span afgerig het.

Twee sokkerspelers is gekies vir die USSA nasionale sokkerspanne wat Suid-Afrika in Augustus 2017 by die Wêreldstudentespele in Taipei verteenwoordig.

# Top-oefenbestemming

Op die NWU se kampus in Potchefstroom bied 'n moderne sportdorp, bekend as die Sports Village, akkommodasie aan nasionale en internasionale sportspanne wat by die universiteit oefen.

Elite-sportmanne en -vroue maak gebruik van die eersteklas-fasiliteite by die NWU-Hoëprestasie-instituut vir Sport (HPI). Dit het een van die bes toegeruste sportgimnasiums in Afrika en bied 'n volledige reeks sportafrigting-, geneeskundige, navorsings-, voedings- en sportsielkundige dienste.

Die Instituut vir Sportwetenskap en -ontwikkeling lewer wetenskaplike ondersteuningsdienste aan nasionale en provinsiale sportfederasies, die Noordwes-Akademie vir Sport en verskeie sportkodes op ons kampusse.



# ONS NAVORSING

Navorsing aan die NWU word volgens 'n navorsingsentiteitemodel met vier vlakke georganiseer. Dit is nisareas (die intreevlakentiteit), fokusareas, eenhede, en sentrums van uitnemendheid.

### Sentrums van uitnemendheid

Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV) | Sentrum vir Ruimtenavorsing | Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe (Pharmacen) | Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART)

### Navorsingseenhede

Eenheid vir Energie en Tegnologiestelsels | Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing | Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika (BWI) | Eenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks | Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur | Navorsingseenheid vir Reg, Geregtigheid en Volhoubaarheid | Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidnavorsing (AUTHeR) | WorkWell: Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | Onderwys en Menseregte in Diversiteit (Edu-HRights) | Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en Samelewing (TREES)

### Fokusareas

Antieke Tekste: Teks, Konteks en Resepsie | Gemeenskaps- Psigososiale Navorsing (Compres) | Menslike Metabolomika | Chemiese Hulpbronveredeling | Bevolking en Gesondheid | Sosiale Transformasie | Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET) | Fisiese Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASRek) | Instaatstelling van Optimale Uitdrukking van Individuele, Sosiale en Institusionele Potensiaal (OPTENTIA) | Gehalte in Verpleeg- en Vroedvroukunde (INSINQ) | Materiaalwetenskapinnovasie en Modellering (MaSIM) | Selfgerigte Leer (SGL) | Handel en Ontwikkeling (TRADE)

### Nisareas

Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MGSA) | Leefstylsiektes | Voedselsekuriteit en -veiligheid | Musikale Kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings (MASARA) | Meertalige Spraaktegnologieë (MuST) | Visuele Narratiewe en Kreatiewe Uitsette deur Interdissiplinêre en Praktykgeleide Navorsing | Beroepshigiëne en Gesondheidsnavorsingsinisiatief (BHGNI) | Tegnologieverbeterde Leer en Innoverende Onderwys en Opleiding, Suid-Afrika (TELIT-SA) | Global Innovative Focussed Talent (GIFT) | Inheemse Taalmedia in Afrika (ILMA) | Edu-Lead

**Verskeie sentrums, platforms en institute** word by die NWU, hoofsaaklik op die kampus in Potchefstroom, gehuisves. Hulle is die volgende:

- DWT/NWU Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform (PKGOP)
- DW HySA Infrastructure-bevoegdheid-sentrum vir waterstofproduksie, -opberging, -retikulering en veiligheidskodes en standaarde
- DHN-sentrum vir Gevorderde Vervaardiging
- DWT-sentrum van Uitnemendheid in Inheemse Kennisstelsels (IKS)
- Sentrum vir Menslike Metabolomika
- Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (“SADiLaR”).

Die NWU het ook ’n kommersiële navorsingsentiteit:

- Sentrum vir Farmaseutiese en Biomediese Dienste

# Navorsingsleerstoele

Die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) het vyf navorsingsleerstoele aan die kampus in Potchefstroom toegeken. Hierdie leerstoele is in Steenkoolnavorsing, Vroeë Opsporing en Voorkoming van Kardiovaskulêre Siekte in Afrika, Kerningenieurswese, Astrofisika en Ruimtenavorsing, en Biobrandstowwe en ander skoon alternatiewe brandstowwe.

Die kampus het ook vier ekstern befondsde navorsingsleerstoele: ETDP/SETA-leerstoel in Vroeë Kinderonderwys, ’n Nutricia-navorsingstigtingleerstoel in Kliniese Voeding, die Eskom-leerstoel in Emissiebeheer en die Wêreldhandelsorganisasie-leerstoel.

# Navorsingstelkaart

**2 437**
totale geweegde navorsingsuitset-eenhede in 2015

**197**
NNS-gegradeerde navorsers in 2016

**204**
postdoktorale genote in 2016

| | 2012 | 2013 | 2014 | 2015 |
|---|---|---|---|---|
| PhD's toegeken | 154 | 168 | 171 | 222 |
| Artikelekwivalente gepubliseer (totaal) | 869 | 1 170 | 1 127 | 1 250 |
| Totale geweegde navorsingsuitset | 1 793 | 2 180 | 2 146 | 2 437 |

# Ons navorsers

Ons akademiese personeel bestee gemiddeld 40% van hulle tyd aan navorsing, wat in lyn is met ons Jaarlikse Prestasieplan.

Die aantal NNS-gegradeerde navorsers het van 140 in 2012 tot 197 in 2016 toegeneem:

| | 2012 | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 |
|---|---|---|---|---|---|
| NNS-gegradeerde navorsers | 140 | 169 | 182 | 189 | 197 |

## Die bou van navorsingskapasiteit

Om meer akademiese personeel aan te moedig om aansoek te doen vir gradering en om hul navorsingsuitset te verbeter, verskaf die NWU opleiding oor die skryf van opsommings en konferensiereferate, die skryf van artikels en beste praktyk met die opstel van navorsingsvraelyste.

## Nagraadse werwing

Ons verbreed ook ons poel navorsingsvaardighede deur aktief meer meesters- en doktorsgraad-studente te werf. Die getal internasionale nagraadse studente het van 1 844 in 2015 tot 2 029 in 2016 toegeneem.

# Ons fokus op internasionalisering

Deur samewerking met ander universiteite en instansies wêreldwyd is ons aktief besig om die NWU in die internasionale arena te posisioneer. Ons internasionaliserings-aktiwiteite sluit in uitruilprogramme vir studente en personeel en samewerking in akademiese, navorsings-, kulturele en sportaangeleenthede.

In 2017 het ons 3 558 studente van 84 lande gehad, insluitende 2 029 nagraadse studente van wie 482 doktorale kandidate was.

# Nasionale en internasionale samewerking

Die NWU het betrekkinge met baie universiteite en ander entiteite in die buiteland en in Suid-Afrika.

## Buitelandse universiteite

- Universiteite in België: Leuven, Antwerpen, Thomas More, Limburg-Leuven, Hasselt, Evangelische Theologische Faculteit.
- Universiteite in Nederland: Tilburg, Leiden, Apeldoorn, Driestar College, Twente, Vrije Universiteit, Nyenrode Business Universiteit.
- Universiteite in Duitsland: Humbolt, Hochshule Zittau/Görlitz, Justus Liebig, Potsdam, Katholische Hochschule Freiburg.
- Universiteite in die VSA: Florida Atlantic, Virginia Tech, San Houston State University.
- Universiteite in Engeland: Warwick, Coventry.
- Die NWU het ook betrekkinge met universiteite in Malawi, Namibië, Suid-Korea, Finland, Switserland, Roemenië, Swede, Australië, Chili en Oostenryk.

## Internasionale liggame

- Verenigde Nasies se Omgewingsprogram / Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie (UNESCO) / Bevolkingsfonds
- Wêreldbank
- Vereniging vir Energie-ingenieurs (internasionale liggaam)
- India Tea Research Association
- BRICS: Akademiese Forum, Universiteitsnetwerk en Council of Exercise and Sport Science
- Europese Unie
- G20-jeugforum
- Europese Wetenskaplike Instituut
- The World Academy of Sciences (TWAS)
- World Association of Young Scientists
- Internasionale Sentrum vir Handel en Volhoubare Ontwikkeling (ICTSD)
- Wêreldhandelsorganisasie
- Wêreldgesondheids-organisasie
- Die Institute National Polytechnique Toulouse (INPT), Frankryk
- Internasionale Vereniging vir Kognitiewe Onderwys en Sielkunde (IACEP)
- Elektrisiteitsreguleerders van die SAOG-lande
- World Cycling Centre Satellite Africa
- Intra Africa Academic Mobility Scheme EACEA-07-2016 PAN-AFRICAN-program
- SAS Analytics, Besigheids-intelligensie- en Databestuur
- International Speech Communication Association (ISCA)
- Google (2016), BBN (2011-2016)
- International Project Management Association (IPMA)
- American Podiatric Medical Student Association (APMSA)

## Suid-Afrikaanse industrie

- Absa Bank
- Big Concerts
- Suid-Afrikaanse Inkomstediens
- Sasol-Inzalo
- Nasionale Kernreguleerder (NKR)
- iThemba Laboratories
- Puregas
- ArcelorMittal
- Anglo American
- BHP Billiton
- Pharma24 (Edms) Bpk
- IDEXIS (Edms) Bpk
- Eskom
- Necsa
- Hatch
- Idwala
- Lonmin
- Hydrox
- Johnson-Matthey
- Geotron
- Standard Bank SA
- Armscor

Ons het ook betrekkinge met nasionale professionele en beheerliggame op die gebied van sielkunde, regte, onderwys, gesondheid, toerisme, landbou, rekeningkunde, gesinne en kunsmatige intelligensie.

Ons skakel met verskeie provinsiale en nasionale departemente in die land, en daar is noue samewerking met plaaslike gemeenskappe, tradisionele owerhede, sportklubs (plaaslik/provinsiaal/nasionaal), sakekamers en plaaslike munisipaliteite.

ONS
# INNOVASIE

## Inkomste deur innovasie

Patente en produkverkope genereer ongeveer R19,7 miljoen per jaar. Van die 54 RSA-gepatenteerde uitvindsels in ons Intellektuele Eiendom-portefeulje is 47 in verskeie ander lande geregistreer (in altesaam 23 verskillende lande).

## Newe-maatskappye

Die NWU stig innoverende klein en mediumgrootte newemaatskappye as deel van ons kommersialisering-strategie en ons hou ekwiteit in sommige van hierdie maatskappye. Ons het tans 29 newemaatskappye, waarvan 21 aktief is.



# ONS VOLHOUBAARHEID EN GEMEENSKAPSIMPAK

Om ons kundigheid te deel is vervleg met ons kernbesigheid en sluit volhoubaarheid en gemeenskaps-impak in.

Sommige van hierdie aktiwiteite genereer derdegeldstroominkomste deur kortkursusse, konsultasie of ander dienste en tegnologieoordrag.

Ons gemeenskapsverbintenisaktiwiteite het dikwels geen winsoogmerk nie. Hierdie aktiwiteite word deur personeel en studente aangepak om die gemeenskap op te hef deur ontwikkelingsbetrokkenheid, gemeenskapsdiensprojekte, dissiplinegebaseerde uitreik en vrywilligerwerk.

Ons gemeenskapsimpak behels dikwels navorsing oor, met en binne gemeenskappe. Hierdie aktiwiteite is interaktief, behels leer van ons gemeenskappe en verskaf ook geleenthede vir werkgeïntegreerde leer of diensleer vir studente.

In 2016 was die NWU betrokke by 1 000 gemeenskapsverwante aktiwiteite. Vir sommige van hierdie projekte was ons alleen verantwoordelik; in ander gevalle het ons slegs deelgeneem aan projekte wat deur ander groeperinge gedryf is.

Die Regskliniek het honderde sake hanteer. Dit sluit in 594 sake wat in 2016 geopen is, 2 064 mense wat regsadvies ontvang het en 609 lêers wat afgesluit is.

Meer as 80 studentgedrewe gemeenskapsuitreikaktiwiteite is onderneem. Daarby was daar ook baie ad hoc-aktiwiteite soos waterinsamelingspogings en die Kankervereniging van Suid-Afrika (Kansa) se ondersteuningstaptogte wat nie as formele aktiwiteite beskou word nie.

## Gemeenskapsimpakprojekte

Om gemeenskappe op te hef, te ontwikkel en te betrek, inisieer ons projekte, of neem ons deel aan projekte, wat:

- huise bou en werksgeleenthede skep vir die pleegouers wat omsien na weeskinders wat deur MIV/Vigs geaffekteer is
- voorskoolse en naskoolse rekreasiefasiliteite vir weeskinders verskaf
- opleiding verskaf aan versorgers in opvoedkundige tegnieke en bystand verleen met die formalisering en ontwikkeling van informele dagsorgsentrums
- ons kundigheid op gemeenskapsradiostasies deel, byvoorbeeld oor regskwessies
- plaasvroue oor gesonde voeding leer en hulle leer om inkomste te genereer uit naaldwerk en die maak van glasvoorwerpe
- gratis regsdienste verskaf aan mense wat nie regsadvies kan bekostig nie
- primêre dieregesondheidsdienste verskaf aan mense wat nie veeartsenykundige dienste kan bekostig nie
- mans toerus om hul rol in plaaslike gemeenskappe te vervul
- internasionale inisiatiewe ondersteun soos die veldtog teen vroue- en kindermishandeling, en nasionale veldtogte soos dié wat deur Kansa georganiseer word
- lede van NRO's oplei om hul projekte op 'n volhoubare en winsgewende wyse te bestuur
- met groepe soos NRO's, sakekamers en regeringsdepartemente saamwerk om nuwe lewe in die ekonomie van die Vaaldriehoek, Tlokwe en Matlosana te blaas
- multidissiplinêre navorsing doen, byvoorbeeld in Bekkersdal, wat fokus op die eko-welstand van dié mynbougebied
- opkomende boere bemagtig om kommersiële Nguni-boere te word
- aan staatsamptenare opleiding in finansiële bestuur bied
- opleiding verskaf aan beginnermaatskappye, met spesifieke fokus op vroulike entrepreneurs
- swemlesse en oefensessies aan lede van die gemeenskap aanbied, en sportklinieke in en om Mahikeng aanbied

## Bou vennootskappe met skole

- Ons berei belowende graad 12-leerders voor vir hul matriekeksamen en die uitdagings van die universiteitslewe.
- Ons bied 'n Winterskool aan waar universiteitspersoneel en studente aanvullende onderrig aanbied.
- Ons help graad 12-leerders om hul wiskundeprestasie te verbeter.
- Ons het projekte wat ontwerp is om die gereedheid te verbeter van studente wat ingeskryf is vir wetenskap-, ingenieurswese- en tegnologiestudies aan universiteite.
- Ons bied opleiding aan vir onderwysers, kantoorgebaseerde personeel en onderwysleiers.
- Ons bemagtig rekeningkunde-onderwysers om die kurrikulum beter te verstaan en hul graad 12-eksamenuitslae te verbeter.
- Ons help onderwysers met denkvaardighede en -strategieë.
- Ons help vroeëkinderopvoedingspraktisyns om hul sentrums meer doeltreffend te bedryf en om hoëgehalteonderwys aan preprimêre kinders te verskaf.
- Ons leer talentvolle jong musici om musiek te lees en instrumente te bespeel.
- Ons voorsien tolkdienste in twee skole, wat meertalige leer moontlik maak.
- Ons lei onderwysers op om sokkerafrigters, -skeidsregters en -spanbestuurders te word.
- Ons neem sportspanne aan om hul prestasie te verbeter en om hulle bewus te maak van tersiêre onderwysgeleenthede.
- Ons organiseer astronomievasvrakompetisies vir graad 7-leerders om belangstelling in wetenskap aan te wakker.
- Ons bied die Wetenskapsweek vir graad 4- tot 12-leerders aan.
- Ons besoek skole om hulle te help met natuurwetenskapeksperimente en skenk MyLab-stelle om chemie-eksperimente aan leerders te demonstreer.
- Ons organiseer lewensvaardigheidsgroepe by sekere skole (en ook in die breër gemeenskap).
- Ons besoek skole om goeie burgerskap onder leerders aan te moedig en gee klasse in antieke kultuur en Latyn by skole in Potchefstroom.
- Ons help om nuwe skoolbiblioteke tot stand te bring, of help bestaande biblioteke om uit te brei.
- Ons maak kinders bewus van verskillende loopbaangeleenthede in wiskunde en tegnologie.
- Ons onderneem projekte om plaaslike gemeenskappe se lewensgehalte te verbeter, byvoorbeeld deur die ontwerp van isolasiepanele vir informele behuising.
- Ons het die tegnologie verskaf om gesuiwerde water vir 'n dorpie en skool te verseker.

## Betrek studente

Ons moedig ons studente aan om by te dra tot die samelewing deur vrywilligersdiens.

Die Potchefstroomkampus is sedert 2001 die tuiste van die grootste geregistreerde studentewelsynsorganisasie ter wêreld. Hulle het in 2012 die internasionale MacJannet-prys van die Taillores Network ontvang vir hul goeie werk en internasionale burgerskap. In 2017 het die Joolkomitee ongeveer R1,6 miljoen aan verdienstelike projekte en individue geskenk. Meer as R3,5 miljoen is in die 2016-studenteraadstermyn deur die SJGD en JOOL ingesamel.

Die kampusse hou ook fondsinsamelingsgeleenthede soos gholf- en jazz-dae en fietswedrenne om te verseker dat behoeftige studente daagliks twee gebalanseerde maaltye ontvang.

Studente doen ook vrywillige gemeenskapsdiens by plaaslike kinderhuise, skuilings vir haweloses, ouetehuise en die Dierebeskermingsvereniging.

Studente bied ekstra wiskundeklasse in skole aan om onderwysers te help.

## Vergroening

As deel van ons omgewingsrentmeesterskaps- en bewusmakingsveldtogte is daar jaarliks kompetisies tussen die verskillende koshuise om energie te bespaar. In die afgelope vier jaar het die studente se pogings om hul elektrisiteitsverbruik te minimaliseer tot 'n gemiddelde besparing van nagenoeg R370 000 gelei. 'n Gefokusde benadering word tans gevolg om die basislynverbruik van alle noodsaaklike hulpbronne te bepaal. Werkgroepe met 'n toegewyde fokus op die bestuur en vermindering van water- en energieverbruik is tot stand gebring.

Die bewusmakingsveldtog vir Wêreldwye Klimaatsveranderingsweek het aktiwiteite ingesluit soos boekuitstallings oor klimaatverandering, kunsuitstallings met herbenutte materiaal en paneelbesprekings oor die onderwerp. Hierdie veldtog het ook erkenning gekry toe twee studente vroeg in 2017 'n referaat daaroor gelewer het by 'n internasionale konferensie in Manchester.

## ONS
# FINANSIES

Die NWU is 'n finansieel stabiele instelling wat 'n wins toon en 'n groeiende inkomste het.

Totale inkomste in 2016:
**R3 838 miljoen**

| | 2011 | 2012 | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Totale inkomste** | **R2 318m** | **R2 702m** | **R2 973m** | **R3 206m** | **R3 527m** | **R3 838m** |
| Surplus (herhalende items) | R63m | R103m | R17m | R104m | R136m | R229m |
| Personeelkoste / totale koste | 52,4% | 52,2% | 51,5% | 52,6% | 54,7% | *54,8% |
| Selfgegenereerde inkomste | R751m | R864m | R944m | R933m | R946m | R990m |
| % van inkomste vanaf regering | 43,1% | 40,8% | 39,1% | 39,5% | 38,8% | 40,1% |
| % van inkomste uit klasgeld | 24,7% | 26,5% | 28,4% | 31,2% | 33,2% | 32,4% |
| Kapitaaluitgawes op opgraderingsprojekte | R53,2m | R82,5m | R69,9m | R76,2m | R63,1m | R52,9m |

* Voor voordeelverhoging – IAS19



# YUNIBESITI YA RONA

Ka dikhamphase kwa Mahikeng, Potchefstroom le kwa Vanderbijlpark, YBB e ikemiseditse go dira e le yunibesiti e e ikemetseng ka nosi e e kopaneng e e diragatsang thuto le patlisiso e e gaisanang le lefatshe ka bophara mo dikhamphaseng tse tharo tsotlhe.

Ka 2017 re ne re na le badirammogo ba le 6 214 ba ba itlhaolang mo ditirong tsa bone mme ba dirisana boitseanape jwa bone mo Aforikaborwa le kwa moseja mme ba ruta mme ba ema nokeng baithuti ba le 70 104.

Mo baithuting ba le 12 489 ba, ba ne ba le mo Khamphaseng ya rona ya Mahikeng, 49 777 ba le mo Khamphaseng ya rona ya Potchefstroom mme ba le 7 838 ba le mo Vanderbijlpark. Baithuti botlhe ba rona ba bona mosola mo palong e kgolo ya mananeothuto a akatemi a mefutafuta e re e rutang go fitlhelela bokgoni jwa bone gore ba tlhabolose maiphediso a bone.

Go tlhomamisa gore ba bona katlego mo akateming re ba thusa ka mekgwa e e farologaneng. Thuso e akaretsa dimmojulu tsa puisokwalo, kaelotsela ya balekane, difatlhosi, dilaboratori tsa go buisa le disenthara tsa go kwala. Porokeramo ya rona ya Go Ipaakanyetsa Yunibesiti (UnivPrep) le Porokeramo ya Thuto ya Tlaleletso le Porokeramo ya go Boeletsa Dipalo le diporokeramo tse dingwe tsa mefutafuta tse di farologaneng le tsone ke karolo ya kemonokeng ya akatemi.

Pholisi ya rona ya dipuo e e mofuta ka nosi ya bopuontsi le yone e thusa go oketsa go tsena ga baithuti le go ba bulela katlego le go fana ka ditirelo tsa go tolokela dithuto.

Ka 2016 re abetse palogotlhe ya didikerii le didipoloma di le 17 510, didikerii di le 744 tsa MA, le didikerii tsa PhD di le 238.

Go kopana le dikatlego tsa rona tsa go ruta le go ithuta le babatlisisi ba rona ba a itlhaola. Mo go ba ba abetseng mo palogotlheng ya ntshetsontle ya patlisiso e e lekanyeditsweng ya 2 437 ya 2015 go ne go na le ba morago ga di-PhD ba le 171 le babatlisisi ba NRF e ba neilweng maduo ba le 189.

Sengwe le sengwe se re se dirang se tsepame go ka netefatsa mosolatogamaano wa rona wa go fetola le go emisa YBB go nna setheo se le nosi sa akatemi ya boitseanape se se gaisang se se nnang le tlamego ya go tlisa tshiamo ya boago. Mosola wa rona mo bokhutlong ke go gaisa mo thutong le mo go ruteng ka poposešwa le ka patlisiso e e bogale mme re tswele mosola morafe ka kitso.

*(Dipalopalo tsa 2017 ga di ise di nne tsa bofelo)*



## Navrae en kontakbesonderhede


**Theo Cloete**
Direkteur: Bemarking en Studentewerwing
Tel: +27 18 299 2769
E-pos: theo.cloete@nwu.ac.za

**Louis Jacobs**
Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie
Tel: +27 18 299 4918
E-pos: louis.jacobs@nwu.ac.za

**Warren Makgowe**
Direkteur: Belanghebberverhoudinge
Tel: +27 16 910 3185
E-pos: warren.makgowe@nwu.ac.za


## Dankbetuigings


**Samestelling**
Korporatiewe Kommunikasie, NWU

**Ontwerp, uitleg en drukwerk**
AFRICAN SUN MeDIA

**Fotografie**
NWU-diensverskaffers en kollegas